

24 Augustus

Styg deur bekering bo kleinlike selfbeheptheid uit!

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:17 – 5:5

Fokusgedeelte: Efesiërs 4:31, 32

In die laaste drie hoofstukke van sy brief aan die Efesiërs sê Paulus vir ons hoe ons as nuwe mense prakties tot eer van God moet leef. Daarom die dringende vraag aan u: Maak u genoeg erns met daaglikse bekering en die nuwe lewe in Christus? Kan mense Christus in u sien lewe? Dit is die belangrike vrae wat vandag aan die orde kom.

Let daarop dat daar in die praktiese gedeelte vanaf 4:25 telkens 'n positiewe, Bybelse alternatief vir 'n tipiese gestalte van die ou natuur gegee word. So is die Bybelse alternatief vir “vuil woorde” byvoorbeeld woorde “wat julle hoorders ten goede kan kom” (vs 29).

In vers 31 keer die apostel terug tot daardie sondes wat deur die tong uitdrukking vind. Die beeld is dié van 'n man met 'n dun nerfie wat hom altyd deur ander benadeel voel, en daarom gedurig besig is om van mense rondom hom verskonings te eis. U het waarskynlik al die verleentheid aanskou wat so 'n opvlieënde mens vir ander meebring.

Indien u dalk sêlf nog tot sulke bitterheid geneig is, is dit belangrik dat u sal weet dat u optrede nie vir die Here aanvaarbaar is nie. Hy wil hê dat u die bitterheid soos 'n vuil kleed van u sal afskeur, en dat u goedgesindheid, hartlikheid en vergifnis soos 'n nuwe baadjie sal aantrek. Al hierdie mooi deugde het Christus vir u aan die kruis berei. U móét hulle deur bekering “aantrek” indien u wil uitstyg bo die kleinlike bitterheid wat u Christelike profiel bedreig. U moet leer om onvoorwaardelik te vergewe soos God ú in Christus vergewe het.

So vervul u die wet van die liefde. En as dít die geval is, is u perfek geposisioneer om God se seën in al u verhoudinge te ervaar.

Sing: Skrifberyming 11-3:1, 3, 7, 8

Ds. JJ Cloete (Koster)